DEEL 118 | WEEK 48 | 27 NOVEMBER 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS O UR

Met albei voete diep in die landbou se uitdagings

MC Engelbrecht, wat in die Heilbron-Sasolburg-distrik boer, staan ná die welkome reën van die afgelope week in sy landery. Die broodnodige reën het nuwe hoop gebring en boere kan nou met plantwerk voortgaan.



Heilbron wag steeds op antwoorde:

Waar is die toerusting en wanneer gaan dienslewering verbeter?

Die oorskakeling van Ngwathe- na Metsimaholo-munisipaliteit het groot verwagtinge by Heilbron-inwoners geskep, maar die werklikheid op grondvlak laat tans talle inwoners met meer vrae as antwoorde. Terwyl die dorp se nuwe munisipale tuiste veronderstel is om nuwe geleenthede en beter dienslewering te bring, sit Heilbron tans sonder die nodige toerusting om selfs basiese munisipale dienste behoorlik te verrig.

Met Ngwathe se onttrekking is die dorp se munisipale toerusting teruggevat, wat Heilbron vir die afgelope paar weke met beperkte, indien enige, behoorlike dienslewering laat. Vullisverwydering is 'n bekommernis, terwyl daar ook nie tans voldoende voertuie en toerusting beskikbaar is om rioolprobleme en gebarste pype doeltreffend te herstel nie.

Berig vervolg op bladsy 3





UIT DIE PEN:

Week 48



Ek het 'n werk. Waarvoor ek baie dankbaar is. Ek het heel per toeval (jy verstaan wat ek daarmee bedoel) in die onderwys beland.

In my eerste jaar as student, terwyl ek chemie, fisika en wiskunde moes baasraak, het my ma vir my 'n beurs by die Departement van Onderwys losgebel. Ek weet nie wat sy gedoen het nie, maar ek weet dit was baie papierwerk en 'n lang hooflynoproep.

Daar was 'n voorwaarde: wanneer ek klaar is met my graad, moes ek 'n onderwysdiploma doen. Blykbaar moes ek dan drie jaar vir die Departement van Onderwys terugwerk. Ek dink nie ek het dit ooit gedoen nie want ek het nooit enige papierwerk daaroor gehad nie.

Nadat ek met my graad en diploma klaar was, wou ek 'n honneursgraad aanpak. Ek het dit vir twee weke lank gedoen. Gekyk na die respirasietempo van myte. Dit was vir twee weke lank lekker, en toe val daar 'n onderwyspos uit die lug.

Ek het lank skoolgehou. En daarna was ek 'n vakfasiliteerder. Toe weer vir net minder as twee jaar terug in 'n skool en sedert 2019 in die korporatiewe wêreld wat steeds deel is van die onderwys.

Ek kry 'n maandelikse salaris, het 'n ruim kantoor. My werkgewer gee vir my 'n skootrekenaar en ek het toegang tot die internet en 'n drukker. Ek het 'n mooierige lessenaar en 'n gemaklike wielietjiesstoel. Ek het iemand wat op deeltydse basis my assistent is. Af en toe kry ons iets lekker te ete. Ek hou nogal van my kollegas.

Ek gaan met my handsak werk toe en kom met my handsak terug. Oor naweke neem ek my skootrekenaar huis toe. Dalk moet ek oor die naweek werk. Dit gebeur soms dat ek na-ure moet werk. Op 'n keer het my werkgewer belowe om ons 'n afmiddag te gee in ruil vir 'n dag wat ons gedurende die naweek gewerk het. Toe ek durf vra of ek die afmiddag kon kry, was sy woorde: "Ek sien rooi ligte oor jou toewyding."

En natuurlik het Calvyn oor my skouer geloer en gefluister dat ek nie 'n afmiddag verdien het nie. Ek het dit nooit weer gaan vra nie. Partykeer is dit net makliker om stil te bly.

Mense vra soms waar jy jouself oor vyf jaar sien. Ek weet nie, ek wil dit net tot by Vrydag maak.

Ek het nooit beplan om te doen wat ek tans doen nie. Ek wou in 'n spierwit laboratorium gaan werk het en navorsing doen. Maar toe ek weer my oë uitvee, is ek waar ek nou is.

Dit klink altyd of jy jou eie lewe verby wens. As skolier wou ek gaan studeer. As student wou ek gaan werk. Nou, as werkende, dink ek aan aftree. Met 'n huisie by die see wat ons sò mooi gaan inrig. Ek kan nie help as om opgewonde te wees nie. Maar tot dan, moet ek nog elke dag gaan werk.

Die ding is dat ek nie gewaardeerd voel nie. Trouens, ek het agtergekom dat ek al hoe harder werk en al hoe minder erkenning kry. In geldwaarde verdien ek sekerlik wat ek kry, maar in aanmoediging kry ek min tot niks. Ek dink my werkgewer het darem al twee keer die laaste twee jaar vir my dankie gesê vir my werk. Ja, hy gee 'n geldjie aan die einde van die maand, maar mens het waardering ook nodig.

Ek dink aan mense wat groot verskille gemaak het in die wêreld of in ander mense se lewens. Mense wie se werk hulle roeping is. Ons hoor mos gedurig dat dokters en dominees nie meer roepings het nie, hulle wil geld maak. Oor laasgenoemde stelling sal ek graag eendag wil redeneer, want ek stem nie altyd saam nie.

Ek dink aan mense wat iets onwikkel het, of 'n nuwe proses geïmplementeer het. Iemand wat dalk 'n ander persoon se lewe permanent en ten goed verander het.

En hier sit ek agter 'n lessenaar, stuur e-posse, gesels met mense oor die foon, doen wat van my verwag word, doen meer as wat van my verwag word. En dit voel steeds: ek is net hier.

Ek sien al hoe meer daarna uit om eendag my penne neer te lê en te gaan doen wat ek graag wil doen.

Ek wil skryf. Ek wil al my ou musiekstukke weer instudeer, en sommer nog 'n paar nuwes aanleer.

Ek wil goeters verf en dalk 'n klas of wat loop om my te leer om te kan teken.

Ek wil meer betrokke raak by opleiding. Ek wil mense leer om iets te kan doen, en op hierdie stadium weet ek nie meer wat ek self kan doen nie. Nee, ek is verkeerd: na 'n paar jaar weet ek nie meer of ek iets goed kan doen nie.

Maar daar is nog 'n handvol jare oor voordat ek die kantoordeur agter my kan toemaak. Ek sal steeds elke oggend kwart oor sewe in my kantoor moet wees en my beste moet lewer. Ek is gereed daarvoor.

Maar man, ek sien uit na die huisie by die see. En as dit 'n rooibaksteen stasiehuisie is, soveel te meer.

'n Vers of wat uit Psalm 37 kom by my op: Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.

Dis presies wat ek hierdie week geleer het: ek hoef nie vir aanmoediging te werk nie. Ek moet net doen wat die Here van my verwag. En dit met vreugde in my hart doen.

Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

16 Dae van Aktivisme – breek die stilte, stop die geweld

• ***Elmarie Els-Hammann***

Geen vrou of kind behoort in vrees te leef nie.

Elke jaar word die tydperk vanaf 25 November tot 10 Desember wêreldwyd gebruik om bewustheid te skep oor geweld teen vroue en kinders. Hierdie veldtog staan bekend as die 16 Dae van Aktivisme vir Geweld teen Vroue en Kinders.

Geweld teen vroue en kinders is nie bloot 'n persoonlike of huishoudelike aangeleentheid nie – dit is 'n ernstige gemeenskaps- en menseregtekwessie. Dit sluit fisiese, emosionele, seksuele en verbale mishandeling in, asook verwaarlosing, intimidasie, ekonomiese beheer, uitbuiting en ander vorme van beheer en misbruik.

Een van die grootste uitdagings is dat baie slagoffers in stilte ly. Vrees, skaamte, afhanklikheid van die oortreder en die bekommernis dat niemand hulle sal glo nie, verhoed dikwels dat hulle hulp soek. Kinders is veral kwesbaar omdat hulle nie altyd oor die vermoë, kennis of ondersteuning beskik om hulself te beskerm of oor mishandeling te praat nie.

Geweld laat nie altyd sigbare merke nie

Dit is belangrik om te onthou dat geweld nie altyd sigbare merke op 'n persoon se liggaam laat nie. Soms is die diepste wonde dié wat niemand kan sien nie. Emosionele mishandeling, vernedering, voortdurende kritiek, dreigemente, intimidasie, verwerping en manipulasie kan net so vernietigend wees as fisiese geweld.

'n Kind wat voortdurend blootgestel word aan 'n omgewing van vrees, aggressie en onsekerheid, kan begin glo dat mishandeling normaal is of dat hulle self daarvoor verantwoordelik is. Kinders wat geweld ervaar of daaraan blootgestel word, kan sukkel met hul selfbeeld, emosionele ontwikkeling, konsentrasie, skoolprestasie en die vermoë om gesonde verhoudings te bou.

Sommige kinders raak teruggetrokke en stil, terwyl ander aggressie, woede of uitdagende gedrag openbaar. Gedragsveranderinge kan soms 'n teken van onderliggende trauma of emosionele nood wees.

Ook vroue wat aan geweld blootgestel word, kan langdurige emosionele en sielkundige gevolge ervaar. Vrees, skuldgevoelens, skaamte, angs en 'n verlies aan selfvertroue kan dit moeilik maak om hulp te vra of uit 'n gewelddadige verhouding te tree. Daarom moet ons versigtig wees om nie slagoffers te blameer of te vra waarom hulle nie vroeër hulp gesoek het nie. Die verantwoordelikheid vir geweld lê altyd by die persoon wat die geweld pleeg.

Wat kan ons as gemeenskap doen?

Die bekamping van geweld is nie net die verantwoordelikheid van die regering, maatskaplike werkers of die polisie nie. Elke individu, gesin, skool en gemeenskap het 'n rol om te speel.

1. Luister sonder om te oordeel.

Wanneer iemand die moed bymekaarskraap om oor mishandeling te praat, moet ons met empatie en begrip luister. Vermy vrae of opmerkings wat die slagoffer laat voel dat hulle verantwoordelik is vir wat gebeur het.

2. Neem elke bekendmaking ernstig op.

Moenie 'n kind of volwassene se ervaring minimaliseer, bevraagteken of afmaak as oordrewe nie. Dit verg dikwels baie moed om oor mishandeling te praat. 'n Slagoffer moet weet dat hulle gehoor en ondersteun word.

3. Leer kinders oor hul regte en persoonlike grense.

Kinders moet van jongs af verstaan dat hulle die reg het om veilig te voel, dat hul liggame aan hulle behoort en dat niemand die reg het om hul grense te oorskry nie. Hulle moet ook weet dat hulle altyd met 'n betroubare volwassene kan praat.

4. Wees bewus van moontlike tekens van mishandeling.

Onverklaarbare beserings, skielike gedragsveranderinge, onttrekking, oormatige vrees, aggressie, angs of 'n skielike afname in skoolprestasie kan aanduidings wees dat iemand deur 'n moeilike situasie gaan. Hierdie tekens bewys nie noodwendig mishandeling nie, maar moet nie geïgnoreer word nie.

5. Rapporteer vermoedelike mishandeling.

Ons het almal 'n verantwoordelikheid om kinders en kwesbare persone te beskerm. Vermoedelike kindermishandeling moet by die toepaslike owerhede aangemeld word. Moenie wag totdat daar fisiese bewyse of ernstige beserings is voordat daar opgetree word nie.

6. Ondersteun slagoffers om professionele hulp te ontvang.

Maatskaplike werkers, sielkundiges, gesondheidswerkers, die polisie en organisasies wat met slagoffers werk, kan belangrike ondersteuning en beskerming bied. Soms is die eerste stap bloot om iemand te help om die regte persoon te kontak.

7. Wees 'n voorbeeld van respek en gesonde verhoudings.

Kinders leer baie deur na volwassenes se gedrag te kyk. Wanneer ons konflik met respek hanteer, grense respekteer en geweldlose probleemoplossing bevorder, help ons om 'n kultuur van veiligheid en respek te vestig.

Die stryd eindig nie op 10 Desember nie

Die 16 Dae van Aktivisme moet nie bloot as 'n jaarlikse bewusmakingsveldtog beskou word nie. Geweld vind elke dag plaas, en daarom moet ons verbintenis tot voorkoming, beskerming en ondersteuning ook elke dag voortduur.

Ons moet ophou om geweld as iemand anders se probleem te beskou. Dit gebeur nie net in ander huishoudings, ander dorpe of ander gemeenskappe nie. Dit kan agter geslote deure plaasvind, binne gesinne, verhoudings, skole en selfs omgewings waar kinders veronderstel is om veilig te voel.

Wanneer ons wegkyk, stilbly of versuim om op te tree, verloor slagoffers 'n belangrike bron van ondersteuning. Soms kan 'n enkele persoon wat bereid is om te luister, 'n verskil maak tussen 'n slagoffer wat alleen voel en iemand wat die moed kry om hulp te ontvang. Kom ons breek die stilte. Kom ons staan saam. Kom ons beskerm diegene wat nie altyd hulself kan beskerm nie. Geen vrou of kind behoort in vrees te leef nie.

Waar kan jy hulp kry?

- Childline Suid-Afrika: 116 (gratis).
- GBV Command Centre: 0800 428 428.
- SAPS Noodnommer: 10111.
- Please Call Me: 1207867#.

Geweld is nie 'n private aangeleentheid wanneer iemand se veiligheid en menswaardigheid bedreig word nie. Stilte beskerm die oortreder – bewusmaking, ondersteuning en optrede kan 'n lewe verander.

Verdagte sneuwel in skietgeveg met polisie ná OTM-bom

SASOLBURG – Een verdagte is dood en 'n tweede is beseer tydens 'n skietgeveg met die polisie naby Zamdela, Sasolburg. Die voorval het gevolg op 'n OTM-ontploffing in Koppies.

Volgens die polisie het ongeveer sewe verdagtes 'n OTM in Kerkstraat opgeblaas, waarna hulle met twee voertuie op die R82 in die rigting van Zamdela gevlug het.

Lede van die Fezile Dabi-operasionele bevelsentrum het 'n silwer Volkswagen Polo sowat 10 km buite Zamdela opgemerk. Twee insittendes het uit die voertuig geklim, waarna een van hulle na bewering op die polisie begin skiet het.

Die beamptes het teruggeskiet. Een verdagte is noodlottig gewond, terwyl die tweede beseer is. 'n Vuurwapen, plofstof en 'n onbekende bedrag geld is op die toneel gevind.

Die beseerde verdagte is in hegtenis geneem. Die polisie se soektog na die oorblywende verdagtes duur voort.

Enigiemand met inligting wat die ondersoek kan help, kan luitenant-kolonel James Mahlatsi by 073 453 8990 of Crime Stop by 08600 10111 kontak.

’n Besondere afsluiting vol gasvryheid, kreatiwiteit en geselligheid

Die Heilbron Huis- & Tuinbouklub het die jaar op ’n besonder feestelike en gesellige wyse afgesluit. Ses tafels is feestelik gedek, elk met ’n unieke tema, gepaardgaande met 'n bypassende gereg en kreatiewe gebruik van 'n krui, wat die verskillende smake en tafelversierings pragtig aangevul het. Met behulp van ’n dobbelsteenspel het elke lid die geleentheid gekry om die verskillende tafels te geniet volgens die nommer wat op die dobbelsteen verskyn het. Dit het ’n vrolike en gesellige atmosfeer geskep en gewys hoe kreatief en inspirerend ’n mooi gedekte tafel kan wees.

Ria Watson het ook ’n paar waardevolle wenke oor die kuns van gasvryheid en die ontvangs van gaste met die lede gedeel.

Goeie beplanning is die grondslag van enige geslaagde byeenkoms. Uitnodigings moet betyds uitgestuur word, met duidelike besonderhede oor die datum, tyd en plek. Beplan jou spyskaart volgens jou gaste se voorkeure en sorg dat die kuierarea skoon, netjies en uitnodigend is. Skep die regte atmosfeer met beligting, musiek en dekor.

Wanneer jou gaste arriveer, is dit belangrik om hulle hartlik en persoonlik te verwelkom. Stel gaste aan mekaar voor en sorg dat almal welkom en gemaklik voel. Wees oplettend vir jou gaste se behoeftes en hanteer enige onverwagse situasies of ongemaklike oomblikke met kalmte en grasie.

Onthou om jou gaste vir hul teenwoordigheid te bedank en die kuier op ’n gepaste wyse af te sluit. ’n Vriendelike boodskap ná die geleentheid is altyd ’n mooi gebaar.

Daar is verskillende style waaruit ’n mens kan kies wanneer jy ’n tafel dek:

* Klassiek en elegant: Gebruik ’n wit of neutrale tafeldoek, borde met silwer eetgerei, kristal- of deurskynende glase en ’n eenvoudige middelstuk met blomme of kerse.

* Modern en minimalisties: Kies ’n tafel sonder ’n tafeldoek, met ’n soliede kleur-tafelloper, eenvoudige borde, minimalistiese eetgerei en glasware. Geometriese dekor of kerse kan die voorkoms afrond.

* Ontspanne en knus: Gebruik ’n natuurlike houttafel, ’n eenvoudige tafelloper, gekleurde borde of borde met patrone en klein blomrangskikkings in potte of bekers.

Die belangrikste is dat die tafelversiering by die geleentheid pas en dat die tafel nie oorvol of deurmekaar voorkom nie.

Ria het beklemtoon dat goeie maniere en respek ’n belangrike deel van gasvryheid is. Glimlag, maak oogkontak en spreek jou gaste op hul name aan. Bied ’n drankie aan met hul aankoms en vermy kontroversiële onderwerpe. Respekteer jou gaste se persoonlike ruimte en voorkeure, en wees bedagsaam teenoor almal.

Wanneer jy as gas ’n uitnodiging ontvang, is dit net so belangrik om betyds te reageer, jou gasheer of gasvrou te bedank en enige allergieë of spesiale dieetvereistes vooraf te kommunikeer. Respekteer ook die huisreëls, soos rookbeleid, en bied aan om te help waar nodig.

Die beste partytjies gaan nie oor perfeksie nie, maar oor konneksie, goeie geselskap en die vreugde om saam te kuier. ’n Gasheer of gasvrou se teenwoordigheid, warmte en opregte belangstelling maak die grootste verskil.

Met hierdie waardevolle wenke en ’n feestelike afsluiting het die Heilbron Huis- & Tuinbouklub die jaar op ’n besondere manier afgesluit – met nuwe idees, inspirasie en waardering vir die kuns van mooi onthaal!



Op die foto agter vl: Tuinbou Bestuur 2027 - Elbie Els, Mari Myburgh, Ria Watson (Gasspreekster), Joanita Claasen, Zeldine Roos en Sina Hattingh. Voor: Georgina Weiss, Magda Piater en Karla Kriel.















Heilbron wag steeds op antwoorde:

Waar is die toerusting en wanneer gaan dienslewering verbeter?

Dit laat inwoners met 'n dringende vraag: Wanneer gaan Heilbron die nodige toerusting ontvang om die dorp behoorlik te onderhou?

Volgens wyksraadslid Ellias Makhetha is die munisipale administrasie reeds besig om die nodige toerusting beskikbaar te stel, om te verseker dat ons oor werkende toerusting beskik.

Hoewel dié versekering 'n mate van hoop bied, bly daar onsekerheid oor wanneer die toerusting in Heilbron sal aankom, watter toerusting voorsien gaan word en wanneer inwoners 'n merkbare verbetering in dienslewering kan verwag.

Inwoners het intussen besluit om nie bloot terug te sit en wag nie. 'n Formele skrywe, gedateer 20 November 2026, is deur Danie Knoetze namens bekommerde inwoners aan die munisipale bestuurder gerig, met afskrifte aan die uitvoerende burgemeester, speaker van die raad en betrokke wyksraadslede. In die skrywe word omvattende terugvoer oor die munisipaliteit se planne vir dienslewering en infrastruktuuronderhoud in Heilbron gevra.

Die inwoners wil onder meer duidelikheid hê oor die toestand van die dorp se riool- en waterinfrastruktuur, vullisverwydering, straatligte, brandweer- en nooddienste, asook verkeersdienste. Daar word ook gevra of voldoende voertuie, toerusting en personeel beskikbaar is om dié dienste te lewer.

Die skrywe vra verder besonderhede oor begrote infrastruktuurprojekte, uitstaande herstelwerk, verantwoordelike departemente en realistiese tydraamwerke vir die uitvoering van beplande werk.


Een van die belangrikste versoeke is dat Metsimaholo 'n volledige aksieplan aan inwoners moet voorlê, met duidelike tydraamwerke en gereelde terugvoer oor vordering. Die inwoners versoek ook 'n openbare vergadering met munisipale bestuur en raadslede sodat die gemeenskap direk oor die uitdagings en toekomstige planne kan gesels.

Volgens die skrywe is die bedoeling nie om konflik met die munisipaliteit te skep nie, maar om konstruktiewe gesprekvoering, deursigtigheid en aanspreeklikheid te bevorder. Die inwoners versoek dat 'n volledige skriftelike antwoord binne 14 werksdae ná ontvangs van die brief voorsien word.


Die groot vraag is egter steeds of Heilbron se oorskakeling na Metsimaholo werklik die beter dienslewering gaan bring waarop inwoners gehoop het.

'n Nuwe munisipale naam en administratiewe struktuur beteken min as inwoners steeds sonder basiese dienste, herstelwerk en noodsaaklike toerusting moet klaarkom. Heilbron het nie net beloftes nodig nie, maar werkende toerusting, sigbare optrede en 'n duidelike plan.

Die gemeenskap wil weet: Wanneer gaan Metsimaholo behoorlik hande vat met Heilbron, en wanneer gaan inwoners die verskil op straat begin sien?



Klein voetjies, groot vertonings by Bronnies Kleuterland



Daar was Vrydag groot glimlagte, swaaiende heupe en sommer hope pret toe Bronnies Kleuterland hul jaarlikse konsert aangebied het.

Van die kleinste tot die grootste het die verhoog aangedurf en gewys dat ouderdom beslis nie 'n vereiste is om 'n ster te wees nie! Die kleingoed het hul heupe behoorlik laat swaai op die verhoog onder meer die immergewilde Chicken Banana-dans, terwyl trotse ouers van voor af aangemoedig, hande geklap en natuurlik elke kosbare oomblik op hul fone vasgelê het.

Maar tussen al die danspassies en vrolike musiek was daar ook 'n spesiale, meer emosionele oomblik. Voor die konsert het Annemarie Hayward, eienaar van die skool, op 'n besondere manier afskeid geneem van elke kind wat Bronnies Kleuterland verlaat om volgende jaar hul Graad R-avontuur by die groot skool aan te pak.

'n Aand vol lag, trots en 'n paar hartroerende oomblikke – want by Bronnies is daar dalk klein voetjies op die verhoog, maar beslis groot sterre in wording!

VVA hou straatverkoping

Op Woensdag 2 Desember 2026 hou VVA Heilbron weer 'n straatverkoping. Kom loer gerus tussen 9h00 en 14h00 op die sypaadjie van Roos Meubileerders en Salon Geody vir ware winskope. Alle fondse word gebruik om soveel moontlik skoolbenodighede, soos op die skoollyste gespesifiseer, aan behoeftige kinders te voorsien. Daarom verwelkom ons ook graag enige vorm van donasies wat ons fondse sal aanvul of wat fondse kan genereer vir hierdie projek. Donasies kan by Salon Geody afgegee word.

VVA Heilbron is 'n Nie Winsgewende Organisasie (NPO).




Vir enige navrae, kontak gerus ons vriendelike bestuur:
Rachelle Booysen 0730211073, Riana Mouton 0733787940, Ina Slabbert, Lydia Terre Blanche, Nita Naude en Yvonne Smit.

Fynproewers sluit jaar op 'n hoogtepunt af

'n Kerslamspit is 'n klassieke Suid-Afrikaanse feestafel-gunsteling. Met goeie en gesellige geselsskap daarby kon dit net 'n wenresep wees om die jaar se verrigtinge by die Heilbron Fynproewers op 'n hoogtepunt af te sluit. Op Saterdag, 21 November het die Fynproewers hul laaste byeenkoms vir 2026 gehou. Johan en Joani van Rooy het weereens die lede bederf met heerlike sagte lamsvleis. Keurige groente, slaai en verskeidenheid brode met botter en konfyt is daarmee saam bedien. Om die maaltyd af te rond was daar swartwoud koekstruif, malvalpoeding- en reënboog jelly met vla.

Meneer Trence Green het 'n gepaste heildronk ingestel. Die volgende byeenkoms sal in Februarie 2027 plaasvind. Almal word 'n geseënde feesgety toegewens.









Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede

Herald Office National

Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@
heilbron.co.za

KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

Form J193

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **2357/2024**
Surname: **Makume**
First Names: **Mokete Jacob**
Date of Birth: **1959-11-06**
ID Number: **591106 5454 087**
Last Address: **Plot 370, Kopjes Settlement, District Koppies, Province Free State**
Date of Death: **2023-10-13**
Master's Office: **Bloemfontein**
First Names of Surviving Spouse: **Thakane Roseline**
Surname of Surviving Spouse: **Makume**
Date of Birth of Surviving Souse: **1958-12-27**
Id Number of Surviving Spouse: **581227 0410 080**
Name of Executor or Authorised Agent: **Amanda Anne Schutte Nominee of Cornelius and Partners Inc.**
Address of Executor or Authorised Agent: **40 Church Street, Heilbron**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name: **Cornelius & Partners Inc.**
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/11/11**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on: **2026/11/27**

Form J193

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **3948/2024**
Surname: **Makume**
First Names: **Thakane Roseline**
Date of Birth: **1958-12-27**
ID Number: **581227 0410 080**
Last Address: **Erf 663, New Location, Kwakwatsi, Heilbron, Province Free State**
Date of Death: **2024-04-03**
Master's Office: **Bloemfontein**
Name of Executor or Authorised Agent: **Amanda Anne Schutte Nominee of Cornelius and Partners Inc.**
Address of Executor or Authorised Agent: **40 Church Street, Heilbron**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name: **Cornelius & Partners Inc.**
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/11/11**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on: **2026/11/27**

2027 DAGBOEKE
NOG BESKIKBAAR
TERWYL VOORRAAD HOU!
Herald Office National

TENDER

Tenders are hereby requested for the sale of undergrade Whey. packed in 25kg bags, subject to the following conditions:

1. The tender period will extend from 1 February 2027 to 31 January 2028
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 04 January 2027 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

The Manager
Clover

TENDER

Tenders are hereby requested for the sale of Burnt and Lumps undergrade whey sweepings powder packed in 25kg bags, subject to the following conditions:

1. The tender period will extend from 1 February 2027 to 31 January 2028
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 04 January 2027 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

The Manager
Clover





FOTOSTATE

Swart / Black		
A4	1 - 50 Bladsye	@ R1-50
	51+	@ 80c
A3	1 - 50 Bladsye	@ R3-00
	51+	@ R1-50
Volkleur / Colour		
A4	1 - 10 Bladsye	@ R5-00
	10+	@ R4-00
A3	1 - 10 Bladsye	@ R10-00
	10+	@ R8-00

WINKELURE

Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE
per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

Heilbron storm deur na Lions-toernooi se finaal

Heilbron Krieketklub het Saterdag behoorlik gewys wat in hulle steek toe hulle Vanderbijlpark geklop het om hul plek in die finaal van die Lions-toernooi te bespreek.

Dit was ’n wedstryd vol aksie en groot houe wat die toeskouers op die punte van hul stoele gehou het. Met altesaam 42 grenshoue en nege sesse was daar geen tekort aan opwinding op die veld nie.

Armand Smit was in uitstekende vorm met die kolf en het ’n indrukwekkende 114 lopies aangeteken. Hy is goed ondersteun deur Irfan Arshad, wat 78 lopies bygedra het. Hul puik vennootskap het Heilbron gehelp om ’n stewige totaal van 319 lopies op te bou.

Met die bal het Pieter Baan met uitstekende draaiwerk beïndruk en drie van Vanderbijlpark se topkolwers skoon geboul.

Smit is as speler van die wedstryd aangewys nadat hy nie net 114 lopies aangeteken het nie, maar ook twee paaltjies met die bal geneem het.

Al die aandag verskuif nou na die groot finaal, waar Heilbron die naweek teen Meyerton te staan kom. Die wedstryd begin om 13:00 by Hoërskool Heilbron.

Toeskouers word genooi om die span te kom ondersteun. Toegang is gratis en daar sal genoeg geleentheid wees om langs die veld te braai, te kuier en die manne aan te moedig.

Heilbron is net een wedstryd weg van die trofee – kom maak seker die span hoor julle ondersteuning!



Op die foto vl: Gerrit Brits en Armand Smit.

Swanepoel wen Local Choice-maandbeker met vier houe

Rudy Swanepoel het die afgelope Saterdag bestendige gholf by Heilbron Gholfklub gespeel en die Local Choice-maandbeker met 66 houe gewen. Ruan Minnie en Willem Loots het albei op 70 houe klaargemaak. Minnie het ná ’n uittelling tweede geëindig en Loots derde.

Die klub se Money Draw staan reeds op meer as R40 000. Die volgende trekking is Vrydagaand, 27 November, om 19:00 by die klubhuis. Jy moet daar wees om te wen, so kom maak gerus ’n draai. Dalk is dit dié keer jou beurt!

Saterdag 28 November is dit Heilbron Gholfklub se Prestigedag, en alle spelers word genooi om saam te speel. Die afslaantyd is 11:00 en die inskryfgeld van R400 sluit verversings halfpad en ’n biefstuk-ete in. Die klub hou ook dié dag sy jaarvergadering.



Rudy ontvang sy maandbeker van die President Rikus van Rooyen.

Van die plaas tot die pawiljoen – elke bees en skaap tel!

’n Bees of skaap op die veiling kan dalk meer beteken as net ’n goeie prys vir sy eienaar. Op Maandag 30 November kry boere die geleentheid om letterlik ’n stukkie van Hoërskool Heilbron se toekoms te help herbou wanneer Vleissentraal ’n spesiale veiling ten bate van die skool aanbied.

Die inisiatief kom nadat sterk winterwinde die skool se pawiljoen verwoes het. Met die versekering wat slegs 35% van die skade gedek het, is daar steeds ’n groot taak wat voorlê om dié belangrike sportgerief te herstel.

Vleissentraal gaan 1% van die dag se fondse aan die skool skenk. Dié bydrae sal aangewend word om die pawiljoen te herstel en die nodige opgraderings te doen. Die skool doen daarom ’n beroep op boere om hul beeste en skape vir die veiling in te skryf. Of dit nou een skaap of ’n hele trop beeste is, elke inskrywing help om die pawiljoen ’n tree nader aan herstel te bring.

Met die atletiekseisoen wat reeds in Januarie afskop, hoop die beheerliggaam om die pawiljoen betyds ten volle te herstel. Die doel is om leerders, ouers en ondersteuners weer ’n behoorlike plek te gee om langs die baan saam te kuier, aan te moedig en trots te wees op hul skool.

Uiteindelik gaan hierdie veiling oor meer as vee en verkope. Dit gaan oor ’n gemeenskap wat saamstaan, oor kinders se sportdrome en oor ’n skool wat sy pawiljoen weer vol lewe wil sien. Boer saam vir Bronnies – want elke bees en skaap kan help om die pawiljoen weer op sy voete te kry!

Die veiling vind plaas op Maandag 30 November om 11:00 by Vleis Sentraal se Veilingskrale.

Navrae en inskrywings:
- Hugo Groenewald: 082 569 7205
- Arno Swart: 067 069 8383
- Anita Els: 073 220 3515
- Gerrie Roos: 066 487 0732
- Gerrit Viljoen: 082 769 0344





Herald
Office National
A2 Deskpad R36.00
A2 Wall Calendar R28.50
Tent Calendar R5.00

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron

BKB

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 30 NOVEMBER 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
TUGELA FERRY Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
GILEAD 2-Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

DINSDAG - 1 DESEMBER 2026
VREDE Gholf veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
ABERFELDY Kersveiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
UITVAL Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
WONDERFONTEIN AANTEEL & IMPLEMENTE VEILING
11:00
Kontak Rocco van Rooyen 072 799 2776

WOENSDAG - 2 DESEMBER 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
GROENVLEI Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
UITHOEK BV Kwartaallikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

DONDERDAG - 3 DESEMBER 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VRYDAG - 4 DESEMBER 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
BLOEDRIVIER/NQUTU Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100131338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071